# GEVALLE-STUDIE

## Lugwegobstruksie as gevolg van Endotracheale Buis Herniasie – LF Pelser; M Visser

**LF Pelser** MB ChB

**M Visser** MB ChB MMed (Anaes), FFA (SA)

Departement Anestesiologie, Universiteit van die Oranje Vrystaat, Universitas Hospitaal, Bloemfontein.

### Opsomming

'n Twee en veertigjarige swart vrou het skielik tydens chirurgie presenteer met ekstrasistole sekondêr tot hipoksie as gevolg van lugwegobstruksie. Die oorsaak van die lugwegobstruksie was herniasie van die mansjet van die endotracheale buis om die buisopening.

### Inleiding

As 'n pasiënt onder narkose met 'n skielike, onverwagte disritmie, presenteer, moet 'n oorsaak daarvoor gevind word. Probleme met ventilasie moet uitgeskakel word aangesien beide hipoksie en hiperkarbie disritmieë kan veroorsaak. 'n Vinnige evaluasie van narkose apparaat en evaluasie van die pasiënt se kliniese toestand onder bogenoemde omstandighede is dus noodsaaklik.


### Geval

'n Twee en veertigjarige swart vrou is geskeduleer vir 'n elektiewe trans-abdominale histerektomie. Uit die pre-operatiewe evaluasie blyk dit dat sy vir asma en hipertensie behandel word met teofillien, salbutamol, fenoterol, Na-chromoglikaat en captopril. Haar laaste asma aanval was meer as 2 weke vantevore. 'n Jaar gelede het sy nie A-nie B hepatitis gehad. Sy is ook allergies vir penisillien en fenobarbitoon.

Met ondersoek is niks abnormaal gevind nie en die longe het geen tekens van brongospasma getoon nie. Haar biochemiese bloed ondersoeke was normaal. Die premedikasie het bestaan uit hidrokortisoon 100 mg intramuskulêr reeds die aand voor operasie. Twee ure pre-operatief is 'n aminofillien setpil toegedien en 1 uur pre-operatief pethidien 50 mg en prometasien 25 mg intramuskulêr.

Na 5-10 minute pre-oksigenasie is 100 mg hidrokortisoon intraveneus toegedien en die pasiënt is geïnduseer met ketamien 1 mg/kg intraveneus. Na 100 mg suksametonium intraveneus is die pasiënt geïntubeer met 'n "Lapro"-latex endotracheale buis grootte 7,5 mm. Narkose is verder instand gehou met halotaan 2%, 50% $N_2O$ en $O_2$ en atracurium 0,5 mg/kg. Die pasiënt is geventileer met 'n Manley Servovent ventilator. Beide longapekse het goed belug en vitale tekens was normaal.





## ... Lugwegobstruksie


Na ongeveer 35 minute het unifokale ekstrasistole op die EKG osilloskoop verskyn. Daar is van halotaan na enfluraan oorgeskakel en 100% suurstof is gegee. Dit het geen effek gehad nie en lignokaïen 1 mg/kg is intraveneus toegedien. Dit het ook geen effek gehad nie en die pasiënt se polsspoed het begin daal. Met beluistering van die longe is gevind dat die pasiënt nie belug nie. Daar is toe met die hand geventileer en aminofillien 250 mg is intraveneus toegedien. Daar was geen sekresies in die lugweg nie en adrenalien 1: 10 000 oplossing is intratracheaal toegedien. Die polsspoed het na 30/minuut gedaal. Die omslag van die endotracheale buis is afgeblaas, waarna die pasiënt se long onmiddellik weer normaal belug het. Die endotracheale buis is verwyder en die pasiënt is met 'n nuwe buis herïntubeer. Die polsspoed het na normaal teruggekeer en die ekstrasistole het verdwyn. Die vitale tekens was normaal en $SaO_2 = 97\%$. Met nadere inspeksie van die endotracheale buis kon die swakplek op die mansjet waargeneem word.

Daar is voortgegaan met die chirurgiese prosedure en die perioperatiewe verloop was verder sonder enige probleme.

### Bespreking

Weens ekonomiese faktore, word endotracheale buise herhaaldelik hergesteriliseer en hergebruik. Dit is dus belangrik dat daar gelet word op die toestand van die mansjet van die endotracheale buis voor dit gebruik word. Herniasie van mansjette word soms ook by nuwe endotracheale

**Diabetes...**




BLOOD-GLUCOSE SELF-TESTING ANYTIME, ANYWHERE, IN LESS THAN A MINUTE!
The new, ultra compact Glucometer GX from AMES slips into a pocket or purse, enabling diabetics to discreetly test their blood glucose level in 50 seconds. It couldn't be simpler, or more convenient, and you'll be pleasantly surprised at how inexpensive the Glucometer GX is.

For over 40 years, Ames have been world leaders in the field of diagnostics, providing innovative products, support, guidance and counselling for diabetics. Helping diabetics control their diabetes and lead a normal life is our priority. Now with the Glucometer GX, it couldn't be easier – or more affordable.

ames Glucometer GX

BAYER

## … Lugwegobstruksie

buise gevind en dit moet deeglik ondersoek word voor gebruik. 'n Ander faktor wat by hierdie pasiënt teenwoordig kon wees is die gebruik van 'n relatief klein deursnit buis vir 'n normale volwassene wat aanleiding kon gee dat die mansjet van die buis met groter volumes lug gevul moes word om 'n luglek te verhoed.

Die feit dat toegediende $N_2O$ tydens narkose enige luggevulde holte in die liggaam beduidend kan laat vergroot as gevolg van uitruiling met stikstof is goed bekend asook die potensiaal daarvan vir verdere lugvulling van die mansjet van die endotracheale buis na die aanvang van narkose. By hierdie geval was daar waarskynlik die kombinasie van 'n swakplek sowel as die fisiologiese effek van $N_2O$.

In 'n pasiënt wat presenteer met skielike onverwagte bradikardie moet daar ook ondermeer aan die volgende oorsake gedink word:

a) 'n Narkosevlak wat te diep is

b) faktore wat hipoksie tot gevolg het, byvoorbeeld:

(i) Een long ventilasie as gevolg van endobrongeale plasing van die buis

(ii) Stimulasie van die carina deur 'n buis wat te diep geplaas is en gevolglik presenteer met 'n beeld wat soos akute brongospasma lyk

(iii) ontkoppeling van die suurstof toevoerpyp vanuit die hoofbron

(iv) 'n buis wat knak of toegebyt word deur die pasiënt


# ...control is now in hand

**• AFFORDABLE**
Available now at an attractive, low price

**• EASY**
Simple one-button operation can be learned and perfected almost immediately



**• CONVENIENT**
Slips easily into pocket, purse or schoolbag

**• READABLE**
Large display window with easy- to-see numbers

**• QUALITY**
In keeping with the AMES tradition, the Glucometer GX is equipped with a worry-free 5-year warranty

THE MOST AFFORDABLE METER AVAILABLE

KIT CONSISTS OF:
- Glucostix Reagent Strips
- Glucolet Automatic Finger-prick Device
- Check Paddle
- Leatherette wallet
- Full instructions and guide

For further information on the Glucometer GX, phone Johannesburg (011) 921-5061, Cape Town (021) 511-2191, Durban (031) 700-1501 Port Elizabeth (041) 52-1711

**Glucometer GX** The Pocket-size Glucometer – at a price to suit your pocket

## ... Lugwegobstruksie

(v) 'n buis wat ontkoppel by die pasiënt se mond

(vi) 'n onderliggende pneumotoraks

(vii) brongospasma in asmalyers

c) Chirurgiese manupilasies, byvoorbeeld anale dilatasie met gevolglike N Vagus stimulasie

d) sick sinus-sindroom

e) effek van sekere middels, byvoorbeeld digitalis.

### Slotgedagte

Hoewel brongospasma uitgelok kan word by veral asmalyers, kom akute brongospasma selde voor in 'n pasiënt by 'n chirurgiese vlak van narkose en waar geen addisionele middels toegedien is wat dit kon uitlok nie. Dit is dus belangrik dat veral die Algemene Praktisyn wat narkose gee, bedag sal wees op herniasie van endotracheale buis mansjette. In die kleiner sentra is 'n konsultant narkotiseur nie altyd byderhand wanneer komplikasies hanteer moet word nie.


SA FAMILY PRACTICE

SA HUISARTSPRAKTYK

## Application for Membership of the Academy of Family Practice/Primary Care SA

I ..................................
......................... (full names) am a registered medical practitioner on the Register on the South African Medical & Dental Council and practice in the field of general practice/primary care. I hereby apply to become a member of the South African Academy of Family Practice/ Primary Care. I support the objectives of the Academy and agree to pay the subscription fees and to abide by the Constitution of Academy.

Enclosed a cheque for
R20,00 Registration fee
R100,00 Annual subscription
R120,00 Total

*For further information contact Dr G Brink, tel no (031) 523771.*

Signature: ........................................

Qualifications: ........................................

Date of Qualification: ........................................

Postal Address: ........................................

.................................... Tel (H): ....................................

(W) ....................................

Please post to:
*The SA Academy of Family Practice/Primary Care*
*30 Savell Avenue*
*GLENASHLEY*
*4051*